

## 20 Junie Psalm 4

(Teks: 4:2,4)

### ***God gee krag in die stryd***

Dit word vir ons as gelowiges al hoe moeiliker om ons roeping in 'n vyandige wêreld te vervul. Hierdie wete mag ons egter nie laat terugdeins nie. Inteendeel, dit moet ons juis aanspoor om te volhard in die stryd. In eie krag sal ons nie staande kan bly in die stryd nie. Dit doen die HERE egter uit genade. Dit is die boodskap wat in Psalm 4 opgesluit lê.

Dawid, die digter van hierdie Psalm, moes ook onder moeilike omstandighede sy roeping as gelowige vervul. Uit hierdie Psalm leer ons van wie hy sy krag ontvang het in die stryd.

Dit het nie van mense gekom nie, maar van God. Biddend het hy sy toevlug na die HERE geneem. In vers twee smee hy: "O, God wat aan my reg verskaf, antwoord as ek roep. Toe ek in die nood was, het U my bevry."

Uit eie ervaring het hy geweet dat God wonders doen aan elkeen wat op Hom vertrou. Elke keer wat hy die HERE aangeroep het in nood, het Hy hom verhoor en gered.

Hier word aan ons geopenbaar dat die mens wat God aanroep in gebed nooit verleë staan nie. Wie op Hom vertrou, kry nuwe krag. Dit was die geheim van Dawid se krag. Meer nog, dit was ook die krag in die lewe van die groot Seun van Dawid, Jesus Christus (Markus 14:35-39).

Gebed is ook die geheim van my en jou krag in die stryd.

Sing Psalm 91:1

Ds. E.J. Smit (Pretoria-Magalieskruin)